higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 4

(3081034)

12 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 … verwys na die vermoë om kennis en tegnieke te gebruik om doelwitte te behaal.

A Konseptuele vaardighede
B Interpersoonlike vaardighede
C Tegniese vaardighede
D Leierskap vaardighede

1.2 'n Werktuig wat bestuur gebruik om oorweging te gee aan verwagte koste teenoor die voordele wat verkry kan word is 'n …

A vloeikaart
B mylpale
C kostevoordele-ontleding
D voorkeurdiagram

1.3 Die projekbestuurder gooi nie tou op as dinge verkeerd gaan nie. Hy probeer probleme oplos.

A Etiek
B Professionalisme
C Positiewe houding
D Deursettingsvermoë

1.4 'n Item wat produseer word as uitkomste van 'n projekaktiwiteit.

A Werkindelingskedule
B Omvang
C Lewerbare
D Verslag

1.5 'n Grafiese voorstelling wat aktiwiteite, datums en die tydsduur aandui is 'n …

A 'n staafgrafiek
B Ganttgrafiek
C skedule
D kalender

Kopiereg voorbehou

1.6 … is inligting in die argiewe oor aanbevelings en voorstelle om soortgelyke projekte in die toekoms te verbeter of te hanteer.

A Kommunikasieplan
B Risikoplan
C Omvangsdokument
D Lesse geleer

1.7 A ... identifiseer 'n kernprobleem, met sy simptome en grondoorsake.

A probleemontleding
B probleemboom
C probleemidentifikasie
D korrektiewe optrede

1.8 ... beteken om prestasie deurlopend te meet en om voortdurend terugvoering aan spanlede te gee oor hulle vordering ten einde projekmylpale te bereik.

A Gehaltebestuur
B Monitering
C Kontrolering
D Waardebepaling

1.9 … is 'n manier om agter te kom of kwaliteit bereik is en of daar opgetree moet word om foute reg te stel.

A Gehaltekontrole
B Inspeksie
C Gehalteversekering
D Pareto-ontleding

1.10 … behels die evaluering van die waarskynlikheid, oorsaak en uitwerking van potensiële projekrisiko's ten einde hul belangrikheid te bepaal.

A Risiko-assessering
B Risikosneller
C Risikotoleransievlak
D Al bogenoemde

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sin of sinne/stellings deur die konsepte wat in die lys hier onder gegee word, te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

verifikasie; kontrakbestuur; beperking; gehalte; kritieke suksesfaktore; delegering; niekonformering; gebeurlikheidsplan; verwagtinge; versagting (mitigasie)

2.1 … sit uit een wat gedoen sal word as 'n risiko 'n werklikheid word.

2.2 Om die impak van die risiko minder erg te maak.

2.3 Die proses wat gebruik word om gehalte te evalueer en of 'n produk voldoen aan die standaarde en vereistes soos bepaal deur die projekdokumente en kliënt, al dan nie.

2.4 Take wat sal bepaal of die projek 'n sukses was of nie.

2.5 'n Beperking wat die projekplan beïnvloed.

2.6 Die opvatting dat iets sal gebeur as gevolg van die projek.

2.7 … beteken om pligte, verantwoordelikhede, hulpbronne en gesag aan ander toe te wys.

2.8 Wanneer 'n kontrak groot is, word eksterne kontrakteurs en verskaffers gewoonlik gebruik.

2.9 As een of meer kenmerke van 'n produk nie aan die gespesifiseerde vereistes voldoen nie, word daarna verwys as ...

2.10 Die mate waarin 'n stel inherente kenmerke aan vereistes voldoen, is …

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

FUNCKY FASHIONS-PROJEK

Ná meer as 'n dekade het elk van Sassy Boutique, Gail Kelly (verkoopsbestuurder), en Busisiwe Tom (mode-ontwerper), 'n jaar gelede op hulle eie gegaan. Dit was 'n dapper stap. Vandag, saam met die voormalige boekhouer van Trendy Styles, Lulama Gazi, het hulle dit in die wêreld van ontwerp gewaag met die bekendstelling van Funcky Fashions, 'n direk-aan-verbruiker klerereeks wat deur strepe in hul duisend vorms geïnspireer is.

Hulle versameling is in twee dele verdeel — *Essentials,* wat uit klassieke uitrustings bestaan wat die hele jaar beskikbaar is en *Edition*, 'n seisoenale interpretasie van die tema (vir Somer, strandgereed, skouerlose toppies, toevourompe en maklike slooprokke in alle kleur strepe).

Funcky Fashions se debuutversameling sluit in *klassieke hemde, stylvolle broeke, synagklere en ontwerperstruie*, met reekse in verskillende groottes.
'Dis 'n jarelange droom,' sê Busisiwe by 'n ontbytvergadering. 'Ons het regtig vinnig op dreef gekom, 'n jaar gelede.'

Alhoewel die naam van die handelsmerk bekend mag klink, is die pryse aan die onderkant van die luukse-kategorie (en omdat hulle direk aan die kliënt verkoop, vermy jy die gewone groothandel prysverhoging). Hulle het op suksesvolle wyse vier takke geopen, een elk in vier provinsies regoor Suid-Afrika en 'n aanlyn winkel vir vinnige en doeltreffende diens.

Die doelwit is om bekostigbare modieuse klere aan alle Suid-Afrikaners te voorsien.
Hulle beplan ook om oor twee jaar landswyd nog takke te open en kliënte te hê wat in toue staan buite die winkel.

Gehalte is vir hulle belangrik en hulle waardeer vakmanskap. Lulama, die nuut aangestelde projekbestuurder het voldoende kennis van rekenaars en boekhouding en sal ook die rol van die produksiebestuurder vervul. Sy sal toesig hou oor al die stadia van die vervaardiging van die uitrustings, van die oorspronklike ontwerpkonsep tot by die finale produk en versending. Die bekendstelling van die nuwe winterreeks met haar projekspan binne die volgende ses maande is aan haar toegewys.

Sy dink daar aan pm nagemaakte leerrokke bekend te stel. Hierdie rokke sal veelsydig wees en kan op verskillende maniere stileer word – informeel of meer formeel.

Bron: Aangepas uit *stylecaster.com*

VRAAG 3

3.1 Noem VIER belangegroepe in hierdie projek. (4 × 1) (4)

3.2 Identifiseer TWEE doelwitte van hierdie projek. (2 × 2) (4)

3.3 Alle projekte vereis goeie kommunikasieplanne om inligting aan alle belanghebbers te rapporteer en te versprei.

Verduidelik kortliks VIER verskillende kommunikasieprosedures wat gebruik kan word om met sleutel belangegroepe tydens die projekfases te kommunikeer. (4 × 2) (8)

3.4 Verduidelik die gebruik van 'n werkuiteensettingplan in die ontwikkeling van 'n skedule vir die Funcky Fashion-projek. (3 × 2) (6)

3.5 Daar word van Lulama, die projekbestuurder verwag om die winterklererreeks bekend te stel. Gee haar raad oor watter projekafleweringstrategie sy kan gebruik.

Gee 'n kort beskrywing van elke afleweringstrategie. (4 × 3) (12)

3.6 Verduidelik Lulama se rol om die projekuitkomste te bereik. (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 4

4.1 Hoekom sal Lulama projekaktiwiteite met gereelde interval nagaan? (4 × 2) (8)

4.2 Noem SES aspekte in die Funcky Fashion-projek wat Lulama gereeld moet monitor. (6 × 1) (6)

4.3 Dui die stappe aan wat Lulama moet volg wanneer take delegeer word. (4 × 1) (4)

4.4 Hoekom moet Lulama verslae opstel volgens die spesifikasies en tydlyne van die kliënte? (3 × 2) (6)

4.5 Wat is die doel van 'n werkskedule?

Gee 'n kort verduideliking. (4 × 2) (8)

4.6 Verduidelik hoe aktiwiteite en verantwoordelikhede vir die aktiwiteite aan die personeel toegewys word. (3 × 2) (6)

4.7 Onderskei tussen om die projek binne die kortste moontlike tyd te voltooi en om dit op 'n gespesifiseerde datum te voltooi. (2 × 2) (4)

4.8 Noem VIER moontlike vertragings wat die voltooiing van die projek in die kortste tyd moontlik kan beïnvloed. (4 × 2) (8)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem VIER moontlike risiko's wat kan opduik tydens die beplannings- en implementeringsfase van die Funcky Fashion-projek. (4 × 1) (4)

5.2 Hoekom moet Lulama die lesse wat geleer is aanteken wanneer sy aandag aan die risiko's gee? (2 × 2) (4)

5.3 Verduidelik kortliks die uitvoering van 'n uitsluitprosedure volgens die projekplan. (3 × 2) (6)

5.4 Wat sal gebeur as daar 'n gebrek aan gehaltebeheer in hierdie projek is? (3 × 2) (6)

5.5 Verduidelik VIER gehaltebeheeraktiwiteite wat Lulama en Busisiwe kan gebruik om die gehalte van die aflewerbares te verbeter. (4 × 2) (8)

5.6 Beskryf die impak van goeie gehalte-bestuur op hierdie projek. (3 × 2) (6)

5.7 Ten einde te verseker dat die projekspan die doelwitte en oogmerke bereik wat hulle gestel het, moet die toesighouer of spanbestuurder seker maak dat alle toesighoudende aktiwiteite uitgevoer word. Dui die toesighoudende aktiwiteite met betrekking tot die projekspan se betrokkenheid in die Funcky Fashion-projek aan. (3 × 2) (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou